

## **Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-2:1, 3, 9

- 1 God het gesê: “Ek is die Here / wat jou uit sondeslawerny gelei het na ’n nuwe lewe. / Jy mag geen god hê, buiten My!”
- 3 Gebruik die heil’ge Naam nooit ydel – / God is waaragtig in sy trou. Hy sal dié straf wat Hom belaster; / dié wat Hom liefhet, word behou.
- 9 Deur u volmaakte wet, o Here, / ontdek ons steeds ons sondigheid; u Gees bring ons die heil in Christus / dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 ’k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig, en voor die gode<sup>en</sup> in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig. Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe. En om u guns en waarheid saam, / u heil’ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe! U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe. Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone, wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank’le trone.

Gebed

Psalm 15:1, 2, 4 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning, met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil’ge berg verkeer / en intrek in u heil’ge woning?
- 2 Dié wat, opreg in sy gemoed, / na Gods verhewe eis wil handel, hom vir bedrog en leuen hoed; / en is dit voor- of teëspoed, / die waarheid spreek in hart en wandel.
- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie; maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.

**Skriflesing:** Numeri 30:1-16; Matteus 5:33-37; Romeine 13:1-7;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 37

**Kernvers:** Numeri 30:2; Matteus 5:33-34a

**As iemand aan die HERE ’n gelofte doen of ’n eed sweer waardeur hy homself verbind om hom van iets te onthou, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet handel volgens alles wat uit sy mond uitgaan.**

(Numeri 30:2 AFR53)

**Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie.**

(Matteus 5:33-34a AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 101: Mag ’n mens ook godvresend by die Naam van God ’n eed sweer?**

*Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons*

*naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).*

*(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.*

### **Vraag 102: Mag 'n mens ook by heiliges of by anders skepsels sweer?**

*Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuigenis te gee en my te straf as ek vals sweer*

*(a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).*

*(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.*

### **Tema: Mag 'n Christen 'n eed sweer?**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons die Heidelbergse Kategismus deurlees en daarmee vertrouwd raak, kom 'n mens mettertyd agter waarom sekere sake soveel aandag ontvang. Toe ons oor die sakramente gehandel het, het ons gesien dat daar ses volle Sondagafdelings aan die sakramente bestee is. Die rede? Lidmate moes goed onderrig word oor die waarheid aangaande die sakramente teenoor die valse leer van die Roomse Kerk wanneer dit kom by die sakramente.

Tydens die Reformasie het die Hervormers nie net van die Roomse Kerk en die Rooms-gesinde owerhede teenkanting beleef nie, maar ook van die Anabaptiste se kant af. Die benaming *Anabaptiste* is 'n samestelling van twee Griekse woorde *ana* en *baptidzoo* wat direk vertaal word met *weer doop*. Hulle is die mense wat hulle ook van die Roomse Kerk afgeskei het tydens die Reformasie, maar hulle was nie werklik deel van die Hervorming nie. Hulle word Anabaptiste genoem omdat hulle daarop aangedring het dat kinders nie gedoop kan word nie. 'n Mens moet eers glo voordat jy gedoop kan word. Daarom het hierdie mense hulle weer laat doop toe hulle afgeskei het van die Roomse Kerk.

Afgesien van die stryd oor die doop tussen die Hervormers en die Anabaptiste het hulle ook van mekaar verskil in hulle siening van die Woord van God en hulle beskouing van die wêreld. Dit is onder andere oor hierdie twee verskille tussen die Hervormers en die Anabaptiste dat daar een hele Sondag in ons Kategismus afgestaan word aan die sweer van 'n eed. Hierin sien ons nogeens hoe prakties en relevant ons Kategismus is vir ons wat in die een en twintigste eeu lewe.

Broers, susters en kinders, ons gaan vanaand oor hierdie belydenis van ons in Sondag 37 nadink onder die volgende twee opskrifte: 'n Gereformeerde Skrifbeskouing en 'n Gereformeerde wêreldbeskouing.

Wanneer ons oor die Anabaptiste en hulle nakomelinge se Skrifbeskouing en wêreldbeskouing gaan praat, is ons bedoeling glad nie om hulle te verkleineer en sleg te sê nie. Ons mag dit nie doen nie. Ons wil eerder hulle verstaan van die Skrif en die wêreld vergelyk met wat die Here vir ons in sy Woord leer oor hierdie sake. Ons het immers vandag steeds met mense te doen wat hulleself Christene noem, en hulle huldig dieselfde standpunte as die Anabaptiste. Al die kerke wat die kinderdoop teëstaan, hou aan dieselfde argumente vas as die Anabaptiste. En in die meeste gevalle is dit ook die mense wat dieselfde Skrifbeskouing en wêreldbeskouing as die Anabaptiste het.

Wanneer 'n mens ons Here Jesus hoor sê: **Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie** (Matteus 5:33-34a AFR53), en dit was al wat ons gehad het oor die sweer van 'n eed, sou ons kon sê dat dit nie nodig is om verder oor hierdie saak te wonder nie. Jesus sê tog baie duidelik dat 'n mens hoegenaamd nie mag sweer nie. Nou redeneer mense wat die standpunte van die Anabaptiste deel

soos volg: Dit is waar dat die mense in die tyd van die Ou Testament 'n eed kon sweer in die Naam van God. Dit staan so in Deuteronomium 6 en 10 geskryf. Maar, sê hulle verder, die Here Jesus het baie duidelik daardie woorde in die Ou Testament nietig verklaar met hierdie bevel van Hom in Matteus 5.

Kom u agter hoe die Anabaptiste die Bybel hanteer? Hulle het inderwaarheid 'n streep dwarsoor die Ou Testament getrek asof dit nie meer geld vir 'n Christen nie. Die Ou Testament is, volgens hulle, oud en uitgedien. Dit het vir Israel van destyds gegeld toe kerk en volk so ineenvervleg was met mekaar. Buitendien, gaan die Anabaptis voort, die wette en voorskrifte van die Ou Testament het tot 'n einde gekom met die koms van Jesus Christus. Daarom moet 'n Christen op die Nuwe Testament konsentreer. En as hy antwoorde op etiese vrae soek, is die Bergrede in Matteus die plek om dit te kry.

Die Anabaptiste en hulle nakomelinge is nie die eerste en die laaste mense wat dit met God se Woord aanvang nie. In die tweede eeu na Christus was daar 'n ketter met die naam Marcion – ons noem sy naam ook in ons Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 9 – wat ook heeltemal wou wegdoen met die Ou Testament en met groot dele van die Nuwe Testament ook. Ons sien dit vandag nog. Mense wat net die Nuwe Testament lees en net na die Ou Testament verwys wanneer dit kom by die profesieë oor die toekoms en die laaste dae, steur hulle nie aan die Ou Testament nie. Dit is ook hulle wat graag sê dat Christus die wet van die Ou Testament vervul het en daarmee is dit nou klaar. Ons hoef nie meer die Tien Gebooie te lees nie. En dan haal hulle Jesus se woorde in Matteus 5 aan.

Dit is egter uiters belangrik om die Here Jesus se woorde oor die wet en sy uitspraak oor die sweer van 'n eed binne die konteks van die hele Bergrede en binne die konteks van die hele Bybel te lees. Luister net weer wat Jesus oor die wet gesê het in Matteus 5:

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.** (Matteus 5:17 AFR53)

Let op dat Jesus *ontbind* teenoor *vervul* stel. Daarom kan *vervul* mos nie dieselfde as *ontbind* of *ongeldig maak* beteken nie. Dit is inderdaad so dat Jesus se verlossingswerk 'n einde aan die seremoniële wette en offers gebring het. Daardie dinge was alles voorprente of skaduwees van die werklikheid. Maar wanneer dit by die Tien Gebooie kom, het Jesus dit inderdaad vervul. En *vervul* in hierdie sin beteken aan die een kant dat Jesus die Tien Gebooie volmaak gehoorsaam het, en aan die ander kant dat Hy die volle betekenis daarvan aan ons kom leer het. Wanneer Jesus dan die Tien Gebooie in die bergrede verduidelik, leer Hy ons hoe ons hierdie wet van God van harte kan en behoort te gehoorsaam.

Dit is ook die geval wanneer Jesus oor die derde gebod en die sweer van 'n eed praat. Die Jode het die Here se Naam misbruik deur sommer maklik 'n eed te sweer by die hemel of die aarde. Maar net omdat hulle nie die Naam van die Here genoem het nie, het hulle gedink dat hulle nou nie regtig aan daardie ede gebind was nie. Met hierdie onderrig roep Jesus sy volgelingen op tot eerlikheid en geloofwaardigheid. 'n Christen behoort so te lewe dat ander mense nie sal wonder of hy die waarheid praat nie. Daarom het die Christen nie nodig om vir elke ding wat hy sê te sweer nie.

Dat die Here Jesus nie die regte gebruik van God se Naam in die sweer van 'n eed verbied het nie, sien ons in sy eie lewe raak. Toe Jesus voor die Joodse Raad verskyn het tydens sy verhoor, het Kajafas vir Hom gesê:

**Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?** (Matteus 26:63 AFR53)

Waarop Jesus dan met 'n eed bevestig het:

**U het dit gesê.** (Matteus 26:64 AFR53)

Ons weet immers uit die Bybel dat God aan Abraham 'n belofte gesweer het oor sy nageslag (Gen 22:16) en ook aan sy Seun in verband met sy ewige priesterskap volgens die orde van Melgisédek (Ps 110:4). Uit die optrede van God en Jesus Christus, sowel as uit die optrede van die gelowiges in die Ou en Nuwe Testament, kry ons die riglyn wanneer dit geoorloof is om 'n eed af te lê, selfs in die kerk. Alhoewel 'n Christen in wie die beeld van Christus al duideliker word, lief is vir die waarheid en hy altyd die waarheid praat, kom daar tye wat roep na die eed. Ons kom in situasies wat regtig gewichtig en plegtig is waar ons die geloofwaardigheid en waarheid tot eer van God en tot voordeel van ons naaste met 'n eed moet handhaaf.

Ons word byvoorbeeld gevra om 'n eed van belofte af te lê – ook genoem 'n gelofte. Ons doen dit immers in die kerk. Wanneer ouers hulle kinders bring om gedoop te word, lê hulle 'n gelofte voor die Here af. Jong lidmate wat hulle geloof bely en manne wat in die diens van ouderling, diaken of predikant bevestig word, en ook getroudes, lê geloftes voor die Here af. Met 'n helder en duidelike *Ja* belowe hulle plegtig om te doen wat hulle gesê het. En alhoewel dit net 'n *Ja* is, is dit 'n eed wat hulle voor God en getuies afgelê het.

Vir die bevestiging dat ons die waarheid sal praat word 'n eed in die hof afgelê omdat dit in hierdie stukkende wêreld die enigste manier is om sekerheid te kry oor die waarheid. Die Here is immers die ***enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer***. Inderwaarheid verleen die Here ons groot genade deur sy Naam aan te roep in gevalle soos 'n hofsak, want sy Naam is vir ons 'n anker van waarheid in 'n wêreld wat vol leuens en bedrog is.

Wanneer die Anabaptiste en hulle nakomelinge op grond van Matteus 5 sê dat 'n Christen glad nie 'n eed mag aflê nie, gee hulle 'n verkeerde verklaring van die Bybel. Christus het die misbruik van God se Naam verbied, nie alle gebruik van sy Naam nie. Die onderrig in die Ou sowel as die Nuwe Testament aangaande die eed is dus steeds geldig. Met ons Gereformeerde Skrifbeskouing lê ons 'n eed af en ons doen dit versigtig, met respek en eerbied, en ons doen dit heelhartig, want ons weet God ken werklik ons hart.

Die verkeerde opvatting van die Anabaptiste oor die eed het nie net met hulle Skrifbeskouing te doen nie; dit het ook met hulle wêreldbeskouing te doen.

Die meeste mense het nie 'n probleem om die Here se Naam in die kerk te gebruik nie, want dit is tog 'n gemeenskap van gelowiges wat die Here dien en eer. Maar is dit ook gepas om die Naam van die Here in die gemeenskap te gebruik waar baie mense die Here nie ken of erken as God nie?

Die Anabaptiste se teenkating om 'n eed af te lê, hou verband met hulle dualistiese wêreldbeskouing. Die kerk of die gemeenskap van gelowiges is vir hulle die wêreld waarin Christus as Koning heers. Die wêreld daar buite is egter 'n plek waar Christus nie werklik regeer nie. Die wêreld daar buite is daarom ook vir hulle van minder belang. Om hierdie rede sê hulle dat Christene nie 'n eed van getrouheid aan 'n burgerlike owerheid kan sweer nie. Verder is dit vir hulle onaanvaarbaar om 'n Christen te wees en terselfdertyd 'n burgerlike regeerder. Met die owerheid wou die Anabaptiste niks te doen hê nie en wou hulle hulleself nie aan 'n burgerlike regering onderwerp nie. Kyk maar weer hoe bely ons in artikel 36 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis.

Ons Gereformeerdes se wêreldbeskouing verskil radikaal van die Anabaptiste s'n. Ons sê dat ons in die wêreld is, maar ons is nie van die wêreld nie. Die aarde is tog die woonplek

wat die Here vir ons geskep het. Dit is Hy wat beskik het dat ons in hierdie wêreld gebore sal word en in hierdie samelewing sal lewe om Hom te dien. Jesus bid immers tot sy Vader en vra dat Hy die gelowiges nie uit die wêreld moet wegneem nie, maar hulle in die wêreld moet bewaar, want hulle behoort nie tot die wêreld nie (Joh 17:15-16).

Dit is immers in die wêreld waar Christene hulle lig helder moet laat skyn sodat die mense hulle goeie werke kan sien en hulle Vader in die hemel verheerlik (Matt 5:16) Jesus Christus het Christene mos nie verlos en met sy Heilige Gees hulle ligte van die wêreld gemaak om hulle weg te steek nie. Hy het ons verlos om Hom en die Vader in hierdie wêreld te verheerlik.

Daarom is dit binne die Gereformeerde wêreldbeskouing aanvaarbaar dat Christene in 'n burgerlike regering kan dien of selfs in die polisie en die weermag. Dit is dus ook aanvaarbaar om 'n eed van getrouheid af te lê wanneer 'n Christen as 'n staatshoof ingehuldig word. Die Here roep Christene immers op om vir die regering van die dag te bid. Die owerheid is 'n dienskneg van die Here of hy dit wil erken of nie. Wanneer ons dan bid, vra ons dat die Here die owerheid so sal lei dat hulle hulle opdrag sal uitvoer sodat daar vrede in die land kan wees en die kerk ongehinderd haar werk kan doen, naamlik om die Woord van die Here aan alle mense te verkondig. Josef, Daniël en Nehemia is voorbeelde van gelowiges in die Ou Testament wat getrou aan die Here ook hulle werk in regerings verrig het.

Wanneer 'n mens deur die Heilige Gees tot geloof gebring word in Jesus Christus, beteken dit nie dat 'n mens nou alles van hierdie wêreld moet laat staan nie. Ons word wel opgeroep om die sonde af te sterf en 'n einde te maak aan ons sondige natuur. Maar ons word nie opgeroep om ons geheel en al uit die wêreld te onttrek nie. Op hierdie aarde en in hierdie wêreld het Christene 'n opdrag wat van die skepping aan die mens gegee is. Ons moet heers oor die skepping en dit oppas. En daardie opdrag het nie verval na die koms van Jesus Christus nie. Inteendeel, in Jesus Christus kry daardie opdrag vir ons 'n nuwe betekenis. Omdat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê, wil ons wat in Christus glo van harte oor die skepping heers sodat alles en almal die lof van die Here kan besing. Daarom hoef 'n Christen nie sy werk te los om 'n sendeling te wees nie. Terwyl hy sy werk doen, is hy 'n sendeling van die Here.

Wanneer ons dan die Naam van die Here reg gebruik in die wêreld daar buite en selfs 'n eed sweer wanneer die owerheid dit van ons as onderdane eis, erken en bely ons dat Jesus Christus net soveel Koning daar is as wat Hy Koning in die kerk is. Die aarde en alles wat daarop is behoort immers aan die Here.

Daar is egter by sommige Christene die vraag: Het die eed wat ek as Christen in die Naam van die Here aflê in 'n hof enige waarde as die regter in die hofsaak 'n Moslem is? Moet 'n mens dan nie eerder nie die Naam van die Here noem nie en 'n eed by die grondwet aflê nie? Nee. Ons bely dan nou net in antwoord 102 dat ons by niks en niemand anders 'n eed kan sweer nie behalwe by God alleen. Hy is die enigste Kenner van die hart. En ons kan die eer wat Hom toekom nie aan iets of iemand anders gee nie.

En wat my as Christen se eed betref in 'n hofsaak waarvan die regter 'n Moslem is, het die eed wat ek sweer niks met die regter se geloofsoortuiging te doen nie. Hy is 'n verteenwoordiger van die owerheid en die owerheid eis dat ek 'n eed sal sweer om die waarheid te praat. Ter wille daarvan sweer ek 'n eed en ook sodat almal wat my kan hoor kan weet dat daar net een God is – die God van hemel en aarde, wat mense deur Jesus Christus alleen regverdig verklaar. Tussen Jakob en Laban sien ons iets hiervan raak. Jakob het 'n eed gesweer by die lewende God terwyl Laban self afgode gedien het.

As Christene aanvaar ons die hele Bybel – die Ou en die Nuwe Testament – as die Woord van God en ons glo dat die hele wêreld met alles daarop aan die Here behoort. Alles wat ons op hierdie aarde doen moet dan wees tot eer van God. Daarom kan en mag ek as Christen 'n eed sweer in die Naam van die Here wanneer die omstandighede vereis dat die geloofwaardigheid en waarheid van my woorde bevestig moet word. Ons gaan nie vir elke liewe dingetjie 'n eed sweer nie, want ons het die waarheid lief. Maar wanneer ons 'n eed sweer, doen ons dit opreg en heelhartig, want ons God is die enigste ware God.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!  
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond  
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,  
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
16 November 2014